

## 25 Junie 2017

**09:00 Erediens**

**Eric Scholtz**

**18:00 Aanddiens – Koinonia**

**Jeanri Bezuidenhout**

*Preekreeks #1: Geseënd is julle wat vryheid ondervind, want julle is vry vir ander.*

## 2 Julie 2017

**09:00 Erediens – Doop**

**Immanuel van Tonder**

*Preekreeks #1: vol*

**09:30 Lynnwood Oord-diens**

**Johan Jooste**

*Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees Joh 3:6*

**18:00 Aanddiens – Koinonia**

**Fay van Eeden**

*Preekreeks #2: Geseënd is julle wat met onderskeiding luister, want julle sal stilte hoor.*

## 9 Julie 2017

**09:00 Erediens**

**Immanuel van Tonder**

*Preekreeks #2: ledig*

**18:00 Aanddiens – Koinonia**

**Jakkie Strachan**

*Preekreeks #3: Geseënd is julle wat teenstrydighede kan omarm, want julle sal die wonder van paradokse ontdek.*

## 16 Julie 2017

**09:00 Erediens**

**Jeanri Bezuidenhout** (Proefpreek)

**18:00 Aanddiens – Koinonia**

**Immanuel van Tonder**

*Preekreeks #3: volledig*

*(#4) Geseënd is julle wat weet wanneer genoeg genoeg is, want julle sal in vryheid met ander kan deel.*

**Almal word hartlik uitgenooi na die Preekreekse wat tydens die vakansie aangebied word.**



**VOLLEDIG-preekreeks:**

**Volledig, volbewus!**

**en**

**GESEEND IS JULLE-preekreeks**



### Lynnwood Winterfees

16 Julie 2017 om 19:00 (direk na die aanddiens). Kom geniet 'n heerlike wintersaand saam met ons. Smul aan winterkos en 'n glasie gluhwein om 'n warm konk. R100 per persoon (sluit 'n winterpot, warm winterspoeding en 'n glasie *gluhwein* of warm sjokolade in). Bring asseblief jou eie eetgerei, glase en drinkgoed (en miskien 'n knie kombes vir die koue). Kaartjies te koop Sondag by die Info-toonbank of deur die week by die kerkkantoor. Navrae Fay van Eeden [faycve@gmail.com](mailto:faycve@gmail.com).

## 23 Julie 2017

**09:00 Erediens**

**Immanuel van Tonder**

*Preekreeks #4: vol-ledig volbewus*

**18:00 Aanddiens – Koinonia**

**Peet Crous**

**Herinnering aan Caritas-Sondag: As jy nog nie 'n bydrae vir Caritas-Sondag gemaak het nie en wel 'n belofte gemaak het, daar is nog tyd.**

# Die week se kalenderaktiwiteite

<b>Dinsdag:</b>	<b>Bybelstudie (kwartaalafsluiting) 08:15</b> (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. <b>Tabita Naaldwerkklasse 14:00</b> (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. <b>Nuwe Generasie Bybelskool 19:00</b> (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. <b>Bybelstudie 19:15</b> (Koinonia) – Immanuel van Tonder 083 540 6015. Tema: <i>Gereformeerde identiteit.</i>
<b>Woensdag:</b>	<b>Studente-selgroep 19:00</b> (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836 <b>"Young couples"-omgeegroep 19:00</b> – Fay van Eeden 083 478 0854.
<b>Donderdag:</b>	<b>Bybelstudie 09:30</b> (Lynnwood Oord). <b>Tabita Naaldwerkklasse 14:00</b> (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. <b>Jong Volwasse-omgeegroep 19:00</b> (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
<b>Vrydag:</b>	<b>Gebedsgroep 09:30</b> (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke. <b>Skole sluit.</b>

## Bewys van Lidmaatskap:

Vlok Venter, Lynburnweg 53, Lynnwood Manor, 083 611 7018.

Indien u kan help samp of mieliepap vir 20 persone vir die **Winterfees** maak, kontak asb. vir Bets by die kerkkantoor 012 348 1245.

## Jakaranda Kinderhuis 6

Ons is opgewonde oor die wonderlike reaksie wat ons gekry het op die lys met behoeftes! Daar is onder andere 2 bankstelle met stoele, vissies en betrokkenheid aangebied. Almal se meelewing word met dank waardeur. 'n Groot dankie en eer aan ons Hemelse Vader vir die verhooring van gebed.

**Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asb. ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor.**

**Ons wil u graag verwelkom. Besoek gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.**



Ons wil graag baie dankie sê vir al die dames wat die laaste

paar maande gehelp het om die weeklikse "city lunch" vir die Ya Bana kinders en personeel te kook.

Dankie ook vir skenkings van kos, klere, kinderboeke, opvoedkundige speelgoed wat ons van tyd tot tyd ontvang. Ya bana het twee weke terug 'n nuwe pleegsorghuis geopen met 6 weeskinders van ouderdomme 2 tot 9 jaar met 'n hofbevel wat hulle geplaas het tot hul die ouderdom van 18 jaar bereik. 'n Enorme verantwoordelikheid. Ons benodig asb. dringend komberse en winters kinderklere en skoene. Baie dankie. Carina Goosen 082 900 4087.

**Dankoffer:** Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014 (gebruik asb. u Voorletters en Van as verwysing) of *SnapScan*.



Snap here to pay

 SnapScan



## Die Kontak van dié week: Hel en hemel

Ou Grethe het eendag van haar knieë af opgestaan ná haar oggendgebed en haar toe verbeel dat sy God met haar hoor praat.

"Ou vroultjie," sê die Stem, "jy het My al die jare so getrou gedien en nou is jy nie meer jonk nie. Ek hoor jou soms sê jy wens dat sekere dinge omtrent my koninkryk vir jou duideliker was. Wil jy My iets daarvoor vra?"

"Ja, Here," antwoord sy gretig. "Ek het u Woord al soveel male gelees en al so baie preke gehoor, maar ek het nog altyd nie 'n idee wat 'hemel' en 'hel' nou eintlik is nie. Ek sal bly wees as U my 'n bietjie meer inligting dááror kan gee."

"Nou maar goed," sê God. "Ek sal vir jou 'n voorskou gee van wat mense in die lewe hierná kan verwag."

In 'n oogwink voel dit vir Grethe of sy deur tyd en ruimte weggevoer word en skielik te staan kom voor 'n indrukwekkende swart hek met die naam "Hel" in yslike sierletters daarop.

Die plek was hoegenaamd nie hoe sy haar voorgestel het nie! Alles het pragtig gelyk. Skygbaar het sy net met etenstyd daar aangekom, want reg voor haar sien sy 'n reusagtige banketsaal met lang, versierde tafels waarop die aantreklikste en geurigste kos wat sy in haar lewe gesien het, uitgestal is.

Al die inwoners van die hel het rondom die tafels gesit. Almal het soos doodgewone mense gelyk. Maar toe sy nader gaan, merk sy op dat hulle arms buitengewoon lank is. Regtig onbehoorlik lank – amper twee meter. In hul hande het hulle vurke vasgehou, gereed om die kos te geniet. Maar hulle kon nie. Hulle arms kon nie buig nie. Hulle kon nie die kos by hulle monde kry nie.

So aangenaam soos dit in dié banketsaal gelyk en geruik het, so aaklig het dit daar geklink. Hopelose, hulpelose mense wat gil van die honger ...

Skielik voel ou Grethe hoe sy weggevoer word tot voor die spierwit glinsterende hekke van die hemel. Verbaas sien sy dat dit in die hemelstad nie veel anders lyk as in die hel nie. Ja, daar was dieselfde yslike banketsaal ook, met presies dieselfde asemrowende kos op die lang tafels – net soos sy dit oomblikke tevore in die Ander Plek gesien het. Al die inwoners sit ook om die tafels. Dadelik kyk sy na hulle arms: Net so lank! Óók geen elmboë nie, en met vurke in hulle hande.

Maar die klanke wat sy hier hoor, was baie anders as dié in die hel. Die mense was vrolik aan die lag en gesels en ... kou! Hulle lang, reguit arms was nie vir hulle 'n probleem nie. Elkeen het eenvoudig die heerlike kos opgeskep en vorentoe geleun om 'n vriend oorkant die tafel te voer.

Tussen *hel* en *hemel* was daar net een verskil: gasvryheid teenoor ander.

(Uit: *Stories vir die lewe*, Piet Naude)

Groete

Eric Scholtz (Namens die predikantespan)

Lees gerus in die Kontak e-pos of webblad [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za)

1 Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk en gesê: "vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun u kan verheerlik. 2 u het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat u Hom gegee het, die ewige lewe te gee. 3 En dit is die ewige lewe: dat hulle u ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur u gestuur is.

4 Ek het u op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat u My gegee het om te doen. 5 Verheerlik u My nou ook by u, vader, met die heerlijkheid wat Ek by u gehad het voordat die wêreld bestaan het.

6 "Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat u My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan u behoort, en u het hulle aan My gegee, en hulle het u woord ter harte geneem.

7 Nou weet hulle dat alles wat u My gegee het, van u kom; 8 want die woorde wat u My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek waarlik van u gekom het, en hulle het geglo dat u My gestuur het.

9 "Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat u My gegee het, omdat hulle aan u behoort.

10 Almal wat aan My behoort, behoort aan u; en wie aan u behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. 11 Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na u toe.

"Heilige vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat u My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.

Naam \_\_\_\_\_

Selfoonnommer \_\_\_\_\_ Landlyn nommer \_\_\_\_\_

E-posadres \_\_\_\_\_

Kort beskrywing van Gawe

\_\_\_\_\_

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

\_\_\_\_\_

Handtekening

Datum

\*\*\* Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

\*\*\* Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan [helplift@nglynnwood.co.za](mailto:helplift@nglynnwood.co.za)

## Gemeenskap



**Skole:** Skole sluit 30 Junie 2017.

**Kraakvars Classics:** Lig-klassieke Musiekproduksie vir die Kieskeurige Musiek liefhebber aangebied deur NG Kerk Jan Niemandpark. Kunstenaars: *André Swartz, Veramarie Meyer, Burgerd Botha, Charlotte Kilian, Henry van Dyk en Helena Ceronio*. Begeleiding: *Engeli le Roux en die Pretoria Simfonie-orke*. Sondag, **27 Augustus 2017** om **16:00** in die Atterbury Teater, Daventrystraat 4, Lynnwood Manor. Kaartjies @ R180 – R200 beskikbaar by Computicket. Navrae: 012 471 1700 of e-pos [info@atterburytheatre.co.za](mailto:info@atterburytheatre.co.za).

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

**Vervoer:** Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3<sup>e</sup> Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

**Lynnwoorde:** Die Lynnwoorde is ons kerkblad vir en van almal in die gemeente. Stuur asseblief 'n artikel oor enige interessante en/of belangrike gebeure in die gemeente vir die redaktrise by [rykie.snyman@telkomsa.net](mailto:rykie.snyman@telkomsa.net) sowel as aan die kerkkantoor by [kerkkantoor@nglynnwood.co.za](mailto:kerkkantoor@nglynnwood.co.za). Alle bydraes word redigeer voor plasing in die blad en u hoef dus nie bekommerd te wees oor enige taalfoute nie. Kontak ook gerus die kerkkantoor indien u belangstel om in Lynnwoorde te adverteer.

**Byderhand:** Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.  
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).  
Slaggate en/of robotte uit: e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).  
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos [customercare@tshwane.gov.za](mailto:customercare@tshwane.gov.za).

